higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEKENKANTOORPROSEDURE EN TEGNIEKE

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 3

(12050713)

27 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

366Q1N2327

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TEKENKANTOORPROSEDURE EN TEGNIEKE
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Vryhandtekeninge, sketse en diagramme moet netjies, redelik groot, in verhouding en volledig benoem in potlood gedoen word.
7. Trek 'n streep oor die bladsy nadat elke vraag voltooi is.
8. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.
9. Alle afkortings en simbole moet aan die nuutste Nasionale Bouregulasies en alle toepaslike SANS (SABS)-kodes voldoen.
10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: BEPLANNING- EN ONTWERPSPESIFIKASIES

1.1 Kies die woord tussen hakies wat die beste by die sin pas en skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1) in die ANTWOORDBOEK neer.

Wetenskaplike meting en insameling van data met betrekking tot menslike fisiese eienskappe. (ergonomie/antropometrie) (2)

1.2 Maak 'n benoemde vryhandtekening wat enige VYF afmetings van die vooraansig van 'n volwasse man in goeie verhouding toon. (7)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.2) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.3.1 Oor die algemene is die aanbevole hoek vir 'n skuins leer 50 tot 70 grade.

1.3.2 'n Sigsag pad wat teen 'n lang skuinste oploop moet by die draaie feitlik gelyk wees, anders sal die gradiënt aan die binnekant van die draaie baie skuins wees.

(2 × 1) (2)

1.4 Gee VIER terme wat die oorsprong van antropometrie behels. (4)

1.5 Wat beteken elkeen van die volgende woorde? Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Gemiddeld

1.5.2 Skuins ('oblique')

1.5.3 Omtrek ('perimeter')

1.5.4 Skaal

1.5.5 Diepte

(5 × 2) (10)

[25]

VRAAG 2: TEKENKANTOOR-ORGANISASIE

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.2) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1.1 Verskillende maatskappye het verskillende tipes organisasiestrukture. Dit word gewoonlik bepaal deur die bestuurstyl van die maatskappy, die aard van die werk wat hulle doen en die grootte van die organisasie.

2.1.2 In sommige tekenkantore mag 'n sekere organisasiestruktuur beter funksioneer as in 'n ander organisasie en daarom sal hulle verskillende strukture gebruik.

(2 × 1) (2)

2.2 Noem enige TWEE klassifikasies tekenaars in 'n tekenkantoororganisasie. (2)

2.3 Noem TWEE afdelings waarin die organisasie van 'n tekenkantoor verdeel kan word. (2)

2.4 Noem TWEE sleutelfunksies en aangeleenthede wat die tweede aspek van die organisasiestruktuur ondersteun. (4)

2.5 Maak 'n benoemde vryhandskets van 'n tekenkantoor wat die plat struktuur van die tekenkantoor vir 'n ingenieurs-, vervaardiging- en produksie-onderneming in goeie verhouding aantoon. (10)

[20]

VRAAG 3: GESONDHEID EN VEILIGHEID VAN 'N TEKENAAR

3.1 Wat is *hipotermie*? (4)

3.2 Noem VIER dienste wat NOSA aan kliënte bied. (4)

3.3 Verduidelik die belang van veiligheid in die werkplek. (3)

3.4 Noem VIER pligte van werknemers aangaande gesondheids- en veiligheidspraktyke in die werkplek. (8)

3.5 Noem DRIE items persoonlike beskermingstoerusting (PBT) wat ontwerp is om werknemers teen beserings in die werkplek te beskerm. (3)

Kopiereg voorbehou

3.6 Maak vryhandtekeninge, in goeie verhouding, van die volgende gevaartekens:

3.6.1 Elektriese isoleerskakelaar

3.6.2 Bemande noodhulpstasie

3.6.3 Rigting van die nooduitgang

3.6.4 Ligging van 'n brandkombers

(4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 4: MEETINSTRUMENTE EN -TOERUSTING

4.1 Maak 'n netjiese, benoemde skets van 'n dieptemikrometer wat die trommel ('sleeve'), huls ('thimble'), sperrat, verwysingslyn, kruisstuk, en 2 × lengtestawe toon. (11)

4.2 Verduidelik TWEE funksies van 'n dieptemikrometer. (5)

4.3 Verduidelik die werking van 'n dieptemikrometer. (5)

4.4 Verduidelik wat met 'n dieptemikrometer gemeet word. (4)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou